

Die doop – groot of nie en hoe...

Wanneer 'n mens tot geloof in God gekom het, gebeur verskeie dinge in jou lewe. Jou taalgebruik verander, jou kleredrag verander, jou vriendekring verander. Sommige gewoontes wat jy gehad het, sien jy van af, of jy leer nuwe (goeie) gewoontes aan.

Indien jy 'n pappa of mamma is, word kinders anders grootgemaak; mens lag nie meer vir vuil grappe nie, hou jou nie op met onetiese besigheidsbeginsels nie en probeer om 'n pad te loop wat God behaag.

Dit beteken egter nie jy is beter as ander mense nie – intendeel, jy kom nou eers agter hoe ver jy tekort skiet om Vader tevrede te stel. Sommige van jou vriende en familie gaan jou afskryf, vele ander gaan jou egter nou onder 'n vergrootglas plaas en baie fyn oplet op elke ding wat jy verkeerd doen of sê – en dan oorvertel aan almal wat wil luister. Daardie vorm van veroordeling is ongelukkig tipies van mense wat hulself wil regverdig, net soos die Fariseërs in die tyd van *Yeshua* gedoen het. Dit was juis hieroor dat Hy hulle aangespreek en toneelspelers van vals karakters genoem het (verskeie plekke in *Mattityahu* 6 en 24 en ook ander).

Daar is egter ook sekere oortuigings wat *Ruach haQodesh* oor ons laat kom, behalwe vir dít wat hier bo genoem word. Oortuigings van hoe *Torah* uitgeleef moet word, Sabbatsonderhouding, doop, reinheid, kuisheid. Alles word vir ons in Skrif gegee en wanneer ons van iets bewus word, moet ons antwoorde daar gaan soek. Ons kan ander gelowiges se hulp vra, maar dan moet ons sekerheid hê dat hulle voluit die pad stap wat *Yeshua* aanwys – nie volgens teoloë, pastore, predikante of mense se eie oortuigings nie, maar slegs die bevestiging van Skrif. In [2 Timotheos 3:16](#) sê *Sha'ul*: “Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid.” Ons kan dus nie ons antwoorde op ander plekke gaan soek nie, as slegs in Skrif. Daar is egter ook 'n ander waarheid: wanneer mens oor sekere dinge begin twyfel of vrae het, is dit nie noodwendig die vyand wat jou probeer bangmaak nie, maar dit mag wees dat *Ruach* besig is om jou aan te spreek.

Vanaf die tyd van die tabernakel, daarna die tempel, moes priesters hulself reinig deur 'n *mikvah* – 'n groot bad met water vanuit 'n natuurlike bron – voordat hulle diens kon doen in die tempel. Hierdie skrywe is nie bedoel om dit te verduidelik nie, maar die tempelstelsel, die oorspronklike Tabernakel, is 'n heenwysing na die verlossingsplan van God vir elke persoon wat Hom aanneem. Die volledige lering en uiteensetting is op aanvraag beskikbaar. Kortliks, wanneer die priester by die afgesonderde deel van die tempel wou ingaan, selfs net om die *menorah* aan te steek of die toonbrode te verander, moes hy verby (deur) die *mikvah* (doopbad) gaan. Wanneer hy by die mees afgesonderde plek wou ingaan, moes hy selfs spesiale klere aantrek, maar eers na 'n reinigingsproses (*Vayiqra* 16) waardeur hy self moes gaan – sonder die hulp van enigiemand anders.

Die volk *Yisra'el* se verlossing uit *Mitzrayim* is 'n heenwysing na die verlossingsplan van God vir elke persoon op aarde. Die volk was slawe (van sonde), verlos deur God toe hulle uitgelei is deur *Mosheh*, 'n heenwysing na *Yeshua*, ons Verlossing. Daarna moes hulle deur die Rooisee gaan (*mikvah*), hulle word in die wildernis gelei (leer om sonde af te lê) en gaan die beloofde land binne (die begin van 'n nuwe, afgesonderde lewe ná bekering).

Handelinge 10 vertel van *Kornelios*, 'n nie-Jood, wat tot bekering gekom het en daarna gedoop is, toe hy oortuig is deur *Ruach HaQodesh*. Niemand het hom verplig nie en hy is onder geen druk van familie, vriende of 'n “kerk” geplaas nie. Dit was egter sy begeerte uit dankbaarheid en in gehoorsaamheid aan dít wat hy van *Ruach* ervaar het.

In Kolossense 2 leer *Sha'ul* ons hoe om nie deur ander mense meegesleur of verkleineer te word nie. Slegs *Ruach* kan en moet ons lei in dít wat volgens die wil van God is.

Daar is egter een klein probleem wat deur die jare ingesluip het: die Rooms-Katolieke Kerk.

Hierdie instansie glo tot vandag dat hulle Skrif mag verander, byvoeg, wegneem net soos hulle goed dink. Omdat hulle Jodehaters is, het hulle besluit om nie op *Shabbat* nie, maar op Sondag hul “aanbidding” te beoefen. Tydens daardie “dienste” vind baie dinge plaas wat nie Skriftuurlik is nie. Hulle besprinkel babatjies met “heilige water”, eet koekies wat hulle glo is letterlik die liggaam van Jesus tydens “nagmaal”, aanbid dooies (“moeder” Maria) en doen nog vele ander dinge wat nie Skriftuurlik is nie en waarvoor hierdie dokument nie plek maak nie. Hierdie gebruik het ongelukkig nie net by hulle gebly nie maar is meegevoer na meeste Protestantse kerke tydens en na die sogenaamde Reformasie. Tot vandag toe glo almal daar dat babatjies op ongeveer drie maande oud “gedoop” moet word om deel te wees van die “kerk”. Dit is egter ‘n ewel in die oë van God en kan vergelyk word met ouers wat hul kinders aan afgode offer (*D’varim* 18:10, *Melachim Alef* 16:3 en vele ander). Dit is nie Skriftuurlik nie en die ouers sal verantwoordelik gehou word daarvoor. Die bekende Switserse teoloog, Dr. Karl Barth, se bekende uitspraak rondom die doop was: ‘n doopbediening sonder ‘n belydende dopeling is ewe onmoontlik as ‘n teregstelling sonder ‘n slagoffer. Ten minste het die evangeliese kerke dit reggekry om terug te keer na die Skriftuurlike onderdompeling. Hulle besef egter nie dat die dopeling alleen onder die water gaan, sonder die hulp van ‘n doper.

Die doper, soos in die geval van *Yochanan* en verskeie ander, was slegs die eerste getuie en sou tot hulp van die dopeling kon kom in ‘n noodgeval. Net soos die priesters hulself deur die *mikvah* geneem het, onderdompel die dopeling hom-/haarself, sonder inmenging, tensy dit nodig geag word deur buitengewone gebeurlikhede. Alhoewel *Yeshua* in die tombe geplaas is deur mense, het Hy homself oorgegee om aan ‘n folterpaal te sterf en Hy het self uit die tombe opgestaan. Dit is dan ook hierdie metode wat ons probeer naboots wanneer ons gedoop word. Ons sien in *Markos 1*¹⁰ en dadelik, toe Hy opkom uit die water uit, sien hy die hemele skeur en die Gees soos ‘n duif op Hom neerdaal... Ook in *Mattityahu 3*¹⁶ Nadat *Yeshua* gedoop is, het Hy opgekom uit die water uit en op daardie oomblik gaan die hemele vir hom oop en hy sien die Gees van God afkom, soos ‘n duif en op Hom kom... (nadruk myne). In beide gevalle lees ons dat *Yeshua* opgekom het, nie deur 'n doper uit die water gehaal of gehelp is nie. In die *TaNakh* ervaar ons keer op keer dat mense wat oortredings begaan het hulself moes afsonder en in water gaan was – sonder die hulp van ander mense, wat dan ook onrein sou word. Sommige verse om na te volg is *Vayiqra* 14:8, 9; 15:7, 8, 10, 11, 13, 15, 18 en vele ander in *B'midbar*. Alles is op versoek beskikbaar. Ons lees ook in *Yochanan* 5 van die water wat deur 'n boodskapper geroer word en die eerste siek persoon wat daarna ingaa, word gesond.

Die doop is dus iets persoonlik, ‘n gehoorsaamheidstap en word uitgevoer te midde van baie getuies. Die doop is ook nie noodwendig eenmalig nie. Voordat die dopeling volledig onder die water gaan, doen hy/sy belydenis van enigiets wat skeiding kon veroorsaak met God, haal diep asem, gaan onder die water in om simbolies alle sonde af te was en die ou mens te begrawe. Enkele oomblikke later kom die nuwe, skoongewaste mens op uit die “graf”, gereed om ‘n nuwe lewe te begin. Enige persoon wat gedoop word is dus by sy/haar volle verstand en doen dit uit eie vrye keuse, in gehoorsaamheid aan die opdragte van God wat *Yeshua* kom bevestig het – iets wat ‘n babatjie nie kan doen nie. Daar is ernstige gesprekke om te volg met voornemende dopelinge alvorens tot hierdie ernstige stap oorgegaan word.

Die besluit van enige gelowige of voornemende dopeling, al dan nie, berus egter by daardie persoon self. Indien ‘n persoon die stem van *Ruach* gehoor het en dit ignoreer, is dit iets waarvoor hy of sy

verantwoording sal moet doen. Indien die oortuiging nie daar is nie, mag daar dalk ander faktore wees wat verhoed dat die persoon die stem van *Ruach* hoor. In ieder geval, mag niemand hierdie persoon veroordeel, aanval of tereg wys nie. Een van die vele leuens wat ons in die kerkstelsel geleer het, is dat die doop (en “nagmaal”) sakramente is wat ingestel is deur *Yeshua*. Dit is in geheel verwyder van enige waarheid. *Yeshua* het geen “sakramente” ingestel nie. Die woord is geformuleer deur Augustinus van Hippo (die huidige hawedorp Annaba, Algerië): ‘n uiterlike teken van innerlike guns wat deur Jesus Christus ingestel is¹. *Yeshua* sou geen instelling van “sakramente” doen nie, aangesien dit die reël van *Torah* sou verbreek ten opsigte van wegneem van of byvoeging tot Skrif.

Een van die belangrikste aspekte wat ‘n (voornemende) dopeling moet besef, is dat die doop nie red nie. Doop is dieselfde as om *Torah* te onderhou: nie een van die twee red nie, maar word gedoen omdat jy gered is – dit is ‘n stap van gehoorsaamheid aan God se opdragte: **1 Korinthiërs 6**¹¹ “**Ván hierdie dinge was in elkeen van julle, maar julle is skoon deur die doop, julle is afgesonderd, julle is onskuldig verklaar in die Karakter en Outoriteit van ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een en deur die Gees van ons God.**” Ook in **1 Yochanan 5**² “**Hieraan weet ons dat ons die kinders van God lief het: wanneer ons God lief het en Sy opdragte uitvoer,**³ **want dít is die liefde vir God: dat ons Sy opdragte uitvoer en Sy opdragte is nie ‘n las nie,**⁴ **want elkeen wat uit God gebore is, oorwin vir homself die wêreld en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin, naamlik ons vertrou.**”

Wanneer jou knieë laer is as jou hakke, is jy op die regte plek om God se stem hoor.

Hein Zentgraf

3 Nisan 5773 / 13 Maart 2013

Hersien 4 Tishrei 5778 / 24 September 2017

Aangepas 1 Cheshvan 5780 / 30 Oktober 2019

Hersien 19 Elul 5780 / 8 September 2020

hein@zentgraf.org

Bronne:

PWL Skrif

Deur Christus Alleen: tuisblad van Dr. AH Bogaards; www.enigstetroos.org

John Wahl, persoonlike ervaring en oortuiging

This document is also available in English upon request.

¹ <https://en.m.wikipedia.org/wiki/Sacrament>